University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



# HOOFSTUK 1
# NAVORSINGSUITLEG

**WAAROM**
is die navorsing onderneem?


**1.1 INLEIDING**
**1.2 AGTERGROND VAN DIE NAVORSING**
1.2.1 Suid-Afrikaanse perspektief
1.2.2 Internasionale perspektief
**1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING**
**1.4 PROBLEEMSTELLING**
1.4.1 Primêre navorsingsvraag
1.4.2 Sekondêre navorsingsvrae
1.4.2.1 Persoonlike lewensgeskiedenis van die dirigent
1.4.2.2 Faktore binne koorverband
1.4.2.3 Algemene faktore wat 'n rol speel
1.4.2.4 Die betrokke partye
1.4.2.5 Persepsies van koordirigente oor koorverwerkings, asook die gebruik van *a cappella*- en begeleide werke
1.4.2.6 Bronne van gelykstemmige koormusiek
1.4.2.7 Die beplanning en indeling van repertorium
**1.5 MOTIVERING VIR DIE NAVORSING: PERSOONLIKE ERVARING**
**1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE**
**1.7 TERREINAFBAKENING**
1.7.1 Ondersoekgroep
1.7.2 Geografiese afbakening
1.7.3 Ras
**1.8 BEGRIPSOMSKRYWING**
1.8.1 Repertorium
1.8.2 Kinderkoor
1.8.3 Gelykstemmige koor
1.8.4 Volksmusiek
1.8.5 Onderskeid tussen oorspronklike koormusiek en verwerkings
1.8.6 Ander terminologie
**1.9 HOOFSTUKINDELING**

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



## 1.1 INLEIDING

Besluite oor die keuse van repertorium lê die basiese grondslag, en het 'n impak op die sukses van kooruitvoerings. Dirigente van kinderkore wat sukses behaal met die gehalte van hul uitvoerings, skryf hul resultate grootliks toe aan goeie repertoriumkeuse. Hierdie navorsing fokus dus op **repertoriumkeuse vir kinderkore**.

Die keuse van repertorium word as een van die belangrikste faktore in koorleiding beskou: "The selection of repertoire is the single most important task that music educators face"(Apfelstadt, 2000: 19). Volgens die Finse dirigent van die Tapiola Kinderkoor, Kari Ala-Pöllänen, is repertorium een van die belangrikste boustene waarmee 'n dirigent werk. "The repertoire is the basic thing. I carry out my pedagogical aim via repertoire. It is one of the most important tools" (Vraelys, 8 Augustus 2004). Jean Ashworth-Bartle (2003: 182) onderstreep die siening deur die volgende standpunt: "Clearly, one of the most important and time-consuming jobs that a conductor of children's choirs must do is choosing repertoire."

Volgens Van Pletzen blyk dit uit onderhoude met Suid-Afrikaanse skoolkoorleiers in die Vrystaat dat "die regte repertoriumkeuse en –samestelling 'n voorvereiste vir sukses en verdere stimulering en ontwikkeling van 'n koor is" (1995: 204). Volgens hom is repertoriumkeuse "… een van die grootste uitdagings waarvoor die koorleier te staan kom, aangesien foute met keuses in kore se aanvangstadium daartoe lei dat die koor [se vordering] belemmer of uitgestel word" (1995: 231). Van Pletzen brei uit oor die belangrikheid van repertoriumkeuse deur daarop te wys dat dit 'n belangrike vereiste vir sukses is, ongeag die ervaring van die dirigent of koorleier. Vir 'n beginnerkoor kan die keuse van repertorium 'n invloed op die voortbestaan van die koor uitoefen. Vir 'n ervare koor kan repertoriumkeuse lei tot 'n aansporing vir verdere ontwikkeling, of lei tot stagnering. Miller (1979: 35) sluit aan by die belangrike rol wat die keuse van repertorium speel: "Since it is clear that we make major decisions of the choral program when we select the music to be performed by our choirs, the actual music chosen is of basic importance". Die keuse van repertorium word dus as een van dirigente se grootste uitdagings beskou; 'n dirigent word op verskillende maniere beïnvloed en die bestanddele van sukses hang van verskeie faktore af. "In a sense, repertoire selection is a juggling act in which several ingredients for success are balanced" (Gordon, 1989: 28). Die wyse waarop repertorium gekies word in die lig van faktore wat 'n invloed uitoefen, en kriteria wat 'n rol speel, vorm die basis van hierdie navorsing. Die studie word vanuit 'n Suid-

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



Afrikaanse perspektief benader, maar internasionaal erkende dirigente van buitelandse kinderkore is ook betrek en hul standpunte is gedokumenteer.

Die navorsing fokus op kinderkore wat uit onveranderde stemme van beide geslagte bestaan. Hierdie soort koor het eers ná 1920 'n populêre medium, waarvoor komponiste oorspronklike werke komponeer, geword. Volgens die Finse dirigent Erkki Pohjola (stigter van die Tapiola Kinderkoor in Finland), het komponiste tot en met die twintigste eeu nie baie werke vir kinderkoor gekomponeer nie. Hy wys daarop dat repertorium vir die kinderkoor eers vanaf die twintigste eeu ontwikkel en uitgebrei het.

> Although Zoltán Kodály composed for children's voices in Hungary as early as in the 1920's, the new type of children's and youth choir has only developed as an instrument in the last half century (Pohjola, 1993: 148).

Koormusiek uit 'n verskeidenheid van vroeëre musiek-stylperiodes en selfs kontemporêre koorkomposisies, is grootliks gekomponeer vir gemengde kore. Repertorium vir gelykstemmige kinderkoor, veral voor die negentiende eeu, is skaarser as wat die geval is met werke vir gemengde koor. Die grootste persentasie koorwerke in die Barok, Klassieke en Romantiese periodes is gekomponeer vir gemengde kore. Waar repertorium vir gemengde kore dus uit 'n verskeidenheid styltydperke vrylik beskikbaar is, is dit nie die geval met gelykstemmige koormusiek vir kinderkore nie. Tensy hierdie werke vir gelyke stemme verwerk word, bly dit ontoeganklik vir kinderkore (sien 2.8.1.8 en 2.8.1.11). Die kwessie met betrekking tot verwerkings as geskikte repertoriummateriaal word ook ondersoek. Dirigente van kinderkore in Suid-Afrika en in die buiteland kom gevolglik voor 'n uitdaging te staan wat die beskikbaarheid en keuse van repertorium betref. Faktore wat 'n rol speel in die proses van repertoriumkeuse, sowel as rolspelers wat 'n invloed uitoefen op repertoriumkeuse, word in hierdie navorsing toegelig.

### 1.2 AGTERGROND VAN DIE NAVORSING

Repertoriumkeuse is een van die bepalende aspekte wat bydra tot die sukses van 'n koor. Dit kan 'n sleutelrol speel in die groei en uiteindelike standaard van 'n koor. Jean Ashworth-Bartle (Dirigent van die Toronto Kinderkoor, Kanada) skryf in die vraelys: "This is the 'most' critical factor! All skills can be taught through great repertoire." Goeie repertoriumkeuse is dus 'n kernvaardigheid van 'n koordirigent. Die belangrike rol wat die dirigent se keuse van repertorium speel, word deur Pohjola beskryf:

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



> One of the first conditions for successful choir work is the ability to choose your programme correctly. This is at the heart of the conductor's professional skills. One could almost say – tell me what you sing, and I'll tell you what sort of conductor you are (Pohjola, 1993:194).

Die wyse waarop 'n dirigent te werk gaan om repertorium te kies, en die bronne wat beskikbaar is om geskikte repertorium te vind, speel dus 'n belangrike rol in koorwerk.

### 1.2.1 Suid-Afrikaanse perspektief

Suid-Afrika was in die sewentiger en tagtigerjare polities (en gevolglik ook op ander terreine, van die internasionale navorsingsterrein) geïsoleer. Sedert die Suid-Afrikaanse demokratiese verkiesing in 1994, het internasionale deure, ook op kulturele gebied, vir Suid-Afrika oopgegaan en is Suid-Afrikaanse kore wêreldwyd blootgestel aan internasionale koorkongresse, -feeste en -kompetisies. Die blootstelling het die repertoriumkeuse van Suid-Afrikaanse kinderkore positief beïnvloed, sowel as die standaard van koorsang verhoog. Suid-Afrikaanse dirigente en verspreiders van bladmusiek maak hoofsaaklik op buitelandse uitgewers staat, aangesien Suid-Afrika nie oor uitgewers van koormusiek beskik nie.

Die aansien en populariteit van die kinderkoor as ensemble in Suid-Afrika, het eers sedert die sestigerjare toegeneem. Wat streekskinderkore betref blyk dit dat slegs drie kinderkore in Suid-Afrika in die sestiger- en sewentigerjare prominent na vore gekom het. Die Drakensberg Seunskoor (1967 onder leiding van die Tungay-familie), Pretoria Kinderkoor (1968 onder leiding van Petru Gräbe) en die Tygerberg Kinderkoor (1972 onder leiding van Hennie Loock). Sedertdien het meer streekskinderkore, asook laerskool seniorkore wat koorsang van goeie gehalte lewer, regoor Suid-Afrika tot stand gekom. Oor 'n tydperk van veertig jaar was daar dus 'n toename in die aantal kinderkore.

Suid-Afrika beskik oor 'n waardevolle skat van volksmusiek én gekomponeerde werke, beide in die Westerse en Afrika-idioom. Die kulturele diversiteit in ons koorsangkuns kan ontgin word en bydra tot die verryking van die kinderkoorrepertorium wêreldwyd (sien 3.3.1). Uit gesprekke en e-pos-kommunikasie met Suid-Afrikaanse en buitelandse dirigente, blyk dit dat daar wêreldwyd 'n belangstelling in repertorium van inheemse Afrika-musiek bestaan. Daar is egter in die algemeen, maar spesifiek vir gelykstemmige kinderkore, 'n tekort aan verwerkings van inheemse Afrika-musiek.

Deleted: kinderkoor-repertorium

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



> In South Africa it would certainly help if you could make a list of all publishers and songs for children's choirs according to the level of difficulty. When I was in Pretoria (ISME Conference, 1998) I tried to look for some African music for my choir. I could hardly find any (Pekka Nikula, [Dirigent: Sympaatti Choir, Finland] e-pos-korrespondensie, 30 Oktober 2001).

'n Gedeelte van hierdie navorsing fokus dus op volksmusiek - die beskikbaarheid, en tendense ten opsigte van die gebruik en groei daarvan in die repertoire van kinderkore (sien Hoofstuk 3).

### 1.2.2 Internasionale perspektief

Suid-Afrikaanse én internasionale tendense in repertoriumkeuse vir kinderkore is in hierdie navorsing ondersoek. Een tendens wat 'n wesenlike invloed op repertorium het, is die groeiende status en populariteit van die kinderkoor as ensemble. Komposisies van kontemporêre Suid-Afrikaanse en buitelandse komponiste sluit toenemend oorspronklike werke vir kinderkore in.

> It [this study] must reflect the great international work and scope that is being carried on in children's choirs all over the world … the fact that the children's choral instrument is now recognized finally as an instrument in its own right, worthy of the finest composers writing the finest repertoire … and the overwhelming effect that singing in a children's choir [with] high ideals has on a child's life (Jean Ashworth-Bartle [Dirigent: Toronto Children's Choir, Kanada], e-pos-korrespondensie, 30 Oktober 2001).

Hierdie aanhaling onderstreep die afleiding wat gemaak word, dat die aansien van kinderkore wêreldwyd toenemend groei en dat dit 'n effek op die uitbreiding van koorrepertorium vir kinderkore het. Daar word van kinderkore verwag om aan dieselfde hoë standaard as enige ander ensemble te voldoen. Daar is wêreldwyd 'n verskeidenheid kompetisies, feeste en kongresse wat jaarliks georganiseer word waarvan kinderkore 'n sterk element vorm. 'n Voorbeeld hiervan is die internasionale *Europa Cantat* koorkongres wat elke derde jaar in Europa aangebied word.

Voorheen is daar tydens die *Europa Cantat* kongresse en feeste slegs vir gemengde kore (SATB) voorsiening gemaak. Die kinderkoorbeweging het gedurende die afgelope dekade egter so gegroei dat dit duidelik geword het dat daar 'n leemte bestaan vir koorfeeste en studietoere wat uitsluitlik op gelykstemmige kore (SSAA) gerig is. Die *Europa Cantat* se naam is vir kongresse wat vir kinderkore geskep is, aangepas na *Europa Cantat Junior.* Die eerste *Europa Cantat Junior* het in 1996 in Hongarye plaasgevind, die daaropvolgende kongres in Duitsland in 1999 en die mees onlangse kongres is in 2002 in België aangebied. Die feit dat

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



die belangstelling in, en deelname aan die kinderkoorbeweging in Suid-Afrika en wêreldwyd toeneem, bewys dat hierdie studie oor die repertoriumkeuse vir kinderkoor, aktueel is.

## 1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Hierdie navorsing fokus op probleme waarvoor dirigente ten opsigte van repertoriumkeuse te staan kom. Die doel van die navorsing is om vas te stel watter faktore die besluitnemingsproses ten opsigte van repertorium beïnvloed. Verder word daar nagevors hoe Suid-Afrikaanse en buitelandse dirigente van kinderkore repertoriumkeuse aanpak. Daar word gekyk na rolspelers wat betrokke is en 'n invloed uitoefen op die keuse van repertorium.

## 1.4 PROBLEEMSTELLING

### 1.4.1 Primêre navorsingsvraag

Die studie is gebaseer op die volgende primêre navorsingsvraag: Watter faktore beïnvloed die repertoriumkeuse vir kinderkore?

### 1.4.2 Sekondêre navorsingsvrae

Sekondêre navorsingsvrae wat uit die bogenoemde kern-navorsingsvraag spruit, word vervolgens uiteengesit. Watter rol speel die volgende faktore in repertoriumkeuse?

#### 1.4.2.1 Persoonlike lewensgeskiedenis van die dirigent

- Watter rol speel die lewensgeskiedenis en agtergrond van 'n dirigent in die keuse van repertorium? (sien Vraelys B1, Addendum 3.)
- Watter invloed oefen rolmodelle op die repertoriumkeuse van dirigente uit? (sien Vraelys B2.)
- Watter invloed oefen ondervinding deur deelname aan skoolkore, tersiêre of gemeenskapskore op die repertoriumkeuse van dirigente uit? (sien Vraelys B3 & B4.)
- Watter invloed oefen opleiding en studie-agtergrond op die repertoriumkeuse van dirigente uit? (sien Vraelys B5.)
- Watter invloed het die musiekagtergrond van 'n dirigent op sy repertoriumkeuse? (sien Vraelys B6.)
- Watter nie-musikale invloede speel 'n rol in repertoriumkeuse? (sien Vraelys B7.)

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



**1.4.2.2 Faktore binne koorverband**

- Watter invloed het optreegeleenthede op die repertoriumkeuse van dirigente? (sien Vraelys C1, Addendum 3.)
- Watter invloed het deelname aan kompetisies op die repertoriumkeuse van dirigente? (sien Vraelys C2.)
- Watter invloed oefen blootstelling aan ander plaaslike kinderkore op die repertoriumkeuse van dirigente uit? (sien Vraelys C3.)
- Watter invloed oefen blootstelling aan internasionale kinderkore op die repertoriumkeuse van dirigente uit? (sien Vraelys C4.)
- Watter invloed het beskikbare fondse op die repertoriumkeuse van dirigente? (sien Vraelys C5.)
- Watter invloed het ander faktore, byvoorbeeld repetisietyd, op die keuse van repertorium? (sien Vraelys C6.)

**1.4.2.2 Algemene faktore**

- In watter mate neem die dirigent die volgende faktore by repertoriumkeuse in ag?
  - Die reaksie van die koor op die keuse van repertorium (hierdie aspek sluit by die invloed van koorlede as rolspelers aan; sien Vraelys D1 en E1, Addendum 3).
  - Die invloed van repertorium op die uiteindelike uitvoeringstandaard (sien Vraelys D1).
- Watter kriteria neem dirigente by die keuse van repertorium vir kinderkore in ag? (sien Vraelys D2, D3 en D4.)
- Het repertoriumkeuse van dirigente oor 'n tydperk van dertig jaar verander en nuwe wendings aangeneem? (sien Vraelys D5.)
- Watter verband is daar tussen die visie en doelwitte wat die dirigent vir die koor koester, en die repertoriumkeuse? (sien Vraelys D6.)
- In watter mate maak dirigente van komposisies uit eie bodem gebruik? (sien Vraelys D7.)

**1.4.2.4 Die betrokke partye**

- Hoe die besluitnemingsproses van dirigente ten opsigte van repertoriumkeuse deur die verwagtinge van die volgende rolspelers geraak word (sien Vraelys E1 – E5, Addendum 3):
  - Koorlede (om werke te kies wat kindervriendelik is)
  - Gehoor (om werke te kies waarmee die publiek kan identifiseer)

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



- Koorgemeenskap (om werke te kies wat voldoen aan die vereistes van 'n gesofistikeerde gehoor)
- Bestuursliggame (om werke te kies wat voldoen aan die verwagtinge van beleidmakers)
- Dirigent (om werke te kies wat 'n eerlike weerspieëling van die dirigent se ideaal en visie vir die koor is)

#### 1.4.2.5 Persepsies oor koorverwerkings, asook die gebruik van *a cappella*- en begeleide werke

- Word verwerkings vir gelykstemmige kore oor die algemeen as geskikte materiaal beskou (sien Vraelys F1, Addendum 3)?
- Wat is die persepsie van dirigente betreffende die volgende tipe verwerkings?
  - verwerkings van volksmusiek (sien Vraelys F 2 & F3)
  - verwerkings van populêre musiek (sien Vraelys F4)
  - verwerkings van instrumentale komposisies (sien Vraelys F5)
- Wat is dirigente se voorkeure ten opsigte van *a cappella*- en begeleide werke? (sien Vraelys F6.)

#### 1.4.2.6 Bronne van gelykstemmige koormusiek

- Van watter bronne maak dirigente gebruik om geskikte repertorium te vind? (sien Vraelys G1, Addendum 3.)
- Is daar voldoende bronne van gelykstemmige koorrepertorium? (sien Vraelys G1.)

#### 1.4.2.7 Die beplanning en indeling van repertorium

- Hoe gaan dirigente te werk om repertorium vir 'n jaar te beplan en te groepeer?

## 1.5 MOTIVERING VIR DIE NAVORSING: PERSOONLIKE ERVARING

Aspekte wat 'n belangrike rol in die motivering vir hierdie navorsing gespeel het, is die navorser se persoonlike agtergrond en ervaring, deelname aan kooraktiwiteite en praktiese ervaring ten opsigte van die afrigting van kinderkore. Terre Blanche en Durrheim wys daarop dat die agtergrondskennis van 'n navorser 'n belangrike rol in navorsing speel. "Background knowledge tells us what exists, how to understand it, and most correctly – how to study it." (Terre Blanche & Durrheim, 2002: 3). Om hierdie rede word 'n opsomming van die agtergrond en ervaring van die navorser met betrekking tot die navorsingsonderwerp gegee.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



Die belangstelling en betrokkenheid van die navorser strek oor 'n tydperk van dertig jaar deur deelname as lid van kore en sanggroepe, afrigting van kore en sanggroepe, dosent in die vak Koorleiding aan die Pretoriase Onderwyskollege en daarna by die Universiteit van Pretoria (1992 - 2004), versameling en notering van inheemse Afrika-volksliedere, bywoning en aanbiedings van lesings tydens kongresse, optrede as beoordelaar tydens koorkompetisies en in die besonder ervaring as koorleier van die Universiteit van Pretoria Jakaranda Kinderkoor vir elf jaar. Deelname van laasgenoemde koor aan nasionale en internasionale koorkompetisies, feeste en kongresse sluit die volgende in:

- Randburg Eisteddfod, Suid-Afrika (1994).
- Roodepoort Eisteddfod, Suid-Afrika (1995).
- Internasionale Koorolimpiade: Giessen, Duitsland (1997).
  Optrede tydens die openings- en afsluitingseremonie.
- Optrede tydens die ISME–kongres (International Society of Music Education) in Pretoria, Suid-Afrika (1998).
- Aanbieder van 'n internasionale kinderkoorfees gehou by die Universiteit van Pretoria (1998).
- Uitgebreide binnelandse koortoer: Konsertoptredes saam met die Kimberley Kinderkoor, Suidkaapse Kinderkoor (George), Oos-Kaapse Kinderkoor (Port Elizabeth) en die Tygerberg Kinderkoor (Kaapstad) (1999).
- Deelname aan die *Tuscany International Children's Chorus Festival* in Italië (2001).
- Uitnodiging na die Sympaatti Koorfees in Finland. Tydens die geleentheid is 'n werkswinkel en demonstrasie aangebied oor die insluiting van Suid-Afrikaanse inheemse musiek in die repertorium van kinderkore (2003).

Ná die UP Jakaranda Kinderkoor se deelname aan die Sympaatti-fees in Finland in 2003, is die kinderkoor in 2004, tesame met die Tapiola Kinderkoor (Finland) en die China National Children's Choir, as gaskore uitgenooi na die Internasionale *Songbridge* Kinderkoorfees wat in 2005 in Hong Kong aangebied word.

Die navorser het dus reeds wye blootstelling aan plaaslike en internasionale kinderkoorsang en dirigente geniet. Hierdie ervaring het die navorser bewus gemaak van die belangrikheid van repertoriumkeuse. Die besef van die belangrikheid van repertoriumkeuse is die grondmotivering vir hierdie studie.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



## 1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Hierdie navorsing is hoofsaaklik 'n kwalitatiewe, beskrywende studie oor hoe repertoriumkeuses uitgeoefen word. Kwantitatiewe data word egter ook ingesluit (sien 4.2.2.2). Kwalitatiewe data is "data which deals with meanings rather than numbers" en kwantitatiewe data as "data which deals with numbers rather than meanings" (Dey, 1993: 276). Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing kan effektief in navorsing gekombineer word.

> In practice, it is difficult to draw as sharp a division between qualitative and quantitative methods as that which sometimes seems to exist between qualitative and quantitative researchers. In my view, these methods complement each other, and there is no reason to exclude quantitative methods, such as enumeration and statistical analysis, from the qualitative toolkit (Dey, 1993: 4).

Beskrywende sowel as numeriese data word gevolglik gebruik, terwyl daar van die volgende navorsingsprosedures en -tegnieke gebruik gemaak word:

- **Navorsingsprosedures**

'n Begripsomskrywing van kernbegrippe word gegee, asook 'n lys van bykomende terme en definisies wat in die studie van toepassing is. Verder word literatuurstudie as navorsingsprosedure ingesluit. 'n Studie van toepaslike literatuur is gemaak: gepubliseerde boeke, ongepubliseerde studiehandleidings, vaktydskrifartikels, ongepubliseerde verhandelings en proefskrifte, koerantberiggewing en Internetartikels. Konsertprogramme is as datamateriaal ingesluit. Persoonlike kommunikasie met dirigente, komponiste en ander rolspelers sowel as die ervaring van die navorser, maak deel van die navorsingsprosedure uit.

- **Navorsingstegnieke**

Daar word van vraelyste en onderhoude as navorsingstegnieke gebruik gemaak (sien 4.3.2).


- **Navorsingontwerp**

Die volgende skematiese voorstelling illustreer die navorsingsontwerp van hierdie studie.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



**Skematiese voorstelling 1: Navorsingsontwerp**




## 1.7 TERREINAFBAKENING

### 1.7.1 Ondersoekgroep

Die volgende respondente is by die navorsing betrek: Suid-Afrikaanse en buitelandse dirigente van kinderkore, Suid-Afrikaanse komponiste van werke vir kinderkoor, 'n Suid-Afrikaanse verskaffer van bladmusiek en bestuurslede van Suid-Afrikaanse koorverenigings.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



- **Dirigente**

Vier-en sestig respondente het aan die navorsing deelgeneem deur vraelyste in te vul. Veertien onderhoude is gevoer (sien Bibliografie: Lys van onderhoude). Suid-Afrikaanse dirigente van streekskinderkore sowel as laerskool seniorkore (Graad 4–7) is betrek. Voltooide vraelyste van sewe buitelandse dirigente is ontvang: Kanada (Jean Ashworth-Bartle, Toronto Kinderkoor), Finland (Kari Ala-Pöllänen, Tapiola Kinderkoor), Finland (Sanna Kivinen-Salminen, Vox Aurea Kinderkoor), Finland (Tapani Tirilă, Oulainen Girls' Choir), Griekeland (Maria Emma Meligopoulou Ss. Cyril & Methodios Girls' Choir), Belarus (Alena Gouliaeva, Krynichka Choir) en Noorweë (Anne Jenstad, Røyken Girls' Choir en die Barbatt-Due's Children's Choir). Die aantal buitelandse respondente is, in vergelyking met die Suid-Afrikaanse deelnemers, klein. Die deelname van hierdie respondente uit die buiteland lewer egter 'n belangrike bydrae tot die studie, aangesien die betrokke kore internasionale status geniet, en van hierdie dirigente wêreldwyd bekendheid verwerf het op die gebied van die kinderkoor. Die Suid-Afrikaanse respondent-dirigente sluit streekskinderkore asook skoolkore uit verskillende sosiale agtergronde in, terwyl die respondent-dirigente van buitelandse kore wat aan die navorsing deelgeneem het, verbonde is aan kore is wat hulself reeds internasionaal bewys het. Die statistiek van die bevindinge wat in Suid-Afrika en internasionaal verkry is word in Hoofstuk 5 uiteengesit. Deur die terugvoering van plaaslike respondente te vergelyk met dié van internasionale deelnemers, kon raakpunte en verskille aangedui word. Die primêre doel is egter nie om op die vergelykings te fokus nie, maar op tendense wat plaaslik sowel as internasionaal voorkom wat repertoriumkeuse vir kinderkore betref.

- **Komponiste**

'n Lys van Suid-Afrikaanse komponiste en verwerkers van musiek vir kinderkoor is opgestel uit 'n katalogus wat deur SAMRO saamgestel is (sien Addendum 8). Sewe komponiste is betrek deur middel van vraelyste en onderhoude (sien 6.3 en 6.4).

- **'n Verspreider van bladmusiek**

In die lig daarvan dat dit uit die vraelyste blyk dat die meerderheid respondente van die Suid-Afrikaanse verskaffer *Edumusic* gebruik maak, is laasgenoemde plaaslike verskaffer, as respondent ingesluit (sien 5.2.2.2).

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



- **Lede van die bestuur van die Suid-Afrikaanse koorvereniging en redaksie van nuusblad**

Die ervaring van lede van die SAKV en artikels in die nuusblad (*Cantandus Gaudeamus*) wat op die kinderkoorbeweging in Suid-Afrika betrekking het, is 'n waardevolle bron van inligting wat in hierdie navorsing ingesluit is.

Henning (2004: 70-71) verduidelik dat die keuse van respondente daarop neerkom dat 'n navorser reisgenote identifiseer wat in die betrokke navorsingsreis 'n bydrae sal lewer om die navorsingsdoel te bereik. "She [the researcher] needs to get people who can travel with her on the journey towards more knowledge about the topic." Die respondente is gekies omdat hulle oor ervaring beskik en kenners is van die terrein wat nagevors word, naamlik repertoriumkeuse vir kinderkore.

Die volgende steekproeftegnieke is gebruik:

- **Doelgerigte teoretiese steekproeftegniek**

Volgens hierdie tegniek kies die navorser doelgerig deelnemers wat verteenwoordigend van die bevolking onder bespreking is. In die geval van hierdie betrokke studie is dit dirigente van kinderkore.

> They [the chosen group of respondents] represent a theoretical "population" in that they are spokespersons for the topic of inquiry hence the notion of "theoretical" sampling. They are not representative of a population and the findings from the interviews [and questionnaires] cannot be generalised to a [wider] population (Hennning, 2004: 71).

Die doel is dus nie om te veralgemeen nie. Die voordeel van 'n doelgerigte teoretiese steekproefneming is dat inligting ingesluit word wat relevant vir die navorsingsontwerp is.

- **Sneeubalsteekproeftegniek**

Volgens hierdie tegniek identifiseer die navorser 'n groep respondente wat op hulle beurt weer meer respondente identifiseer. 'n Groep respondente (dirigente van streekskinderkore, asook 'n groep dirigente van laerskool seniorkore) is aanvanklik deur die navorser geïdentifiseer. Hierdie genoemde groep respondente is versoek om dirigente van laerskool seniorkore in hul onderskeie omgewings aan te beveel, wat ook as respondente ingesluit kon word. Dit het die

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)




navorser in staat gestel om dirigente van kore te identifiseer, wat in die gemeenskap werk van hoogstaande gehalte lewer, en hulle by die navorsing te betrek.

#### 1.7.2 Geografiese afbakening

Vir die doel van die studie is vier-en-vyftig respondente uit verskillende provinsies uit Suid-Afrika, asook ses buitelandse respondente betrek.

**Grafiek 1: Die geografiese indeling van respondente**




Dirigente van streekskinderkore en laerskool seniorkore het bystand verleen deur kore landwyd aan te beveel (sneeubalsteekproef). Die respondentegroep bestaan egter hoofsaaklik uit dirigente wat aan die navorser bekend is. Die meeste deelnemers is gevolglik uit die Gautengprovinsie afkomstig.

Insiggewende afleidings oor waar die meeste kinderkooraktiwiteite geografies in Suid-Afrika gesentreer is, kon uit hierdie data gemaak word. Dirigente wat gereeld landswye kinderkoorkompetisies beoordeel, het waardevolle inligting verskaf oor watter dirigente tans as besondere kenners geïdentifiseer kan word. Tydens die navorser se buitelandse toere, is 'n netwerk opgebou waaruit respondente uit die buiteland betrek kon word.

#### 1.7.3 Ras

Die diversiteit in die Suid-Afrikaanse gemeenskap is by die keuse van respondente in ag geneem. Respondente van verskillende bevolkingsgroepe en taalgroeperinge is doelbewus by die navorsing betrek. Skoolkore uit verskillende kultuurgroepe en taalmedia is ingesluit. Kore uit staatskole sowel as privaatskole is betrek. Deur dirigente met 'n Afrikaanse, Afrika-, sowel as Engelse agtergrond te betrek, kon vergelykings getref word om vas te stel of dirigente uit verskillende Suid-Afrikaanse kulture, verskillend te werk gaan in hul keuse van repertorium vir

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



kinderkore. Die data verkry van Suid-Afrikaanse respondente kon ook vergelyk word met dié van buitelandse dirigente.

## 1.8 BEGRIPSOMSKRYWING

Die volgende kernbegrippe in hierdie studie word bespreek: *repertorium*, *kinderkoor*, *gelykstemmige koor* en *volksmusiek.* Daar word verder 'n onderskeid tussen *oorspronklike koormusiek* en *verwerkings* getref.

### 1.8.1 Repertorium

Die term *repertorium* verwys na 'n versameling musiekwerke. Die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* beskryf die term *repertorium* as 'n "register, indeks of katalogus" of 'n "lys van liedere … wat 'n persoon of geselskap bereid is om uit te voer" (Odendal et al., 1994: 855). In *The new Grove dictionary of music and musicians* (Second edition)" word verwys na die terme *repertory, repertoire* en *repertorium*, afgelei van die Latynse woord *reperire* wat beteken "to find, hence repertorium: storehouse, repository". Al die genoemde terme word gedefinieer as "A stock of musical materials for a particular use" (Sadie, 2001: 196). Die term *repertoire* word in dieselfde bron op die volgende verskillende wyses beskryf (Sadie, 2001: 196-197):

- Die oorkoepelende versameling werke wat 'n koor voorberei en wat gepas kan wees vir verskeie uitvoeringsgeleenthede: "The stock of works that an artist or group of artists has in readiness to perform at a given time".
- Een werk, of 'n aantal geselekteerde werke wat deur 'n koor voorberei word om tydens 'n spesifieke optreegeleentheid uitgevoer te word: "All the items that are available for performance in a given locality".
- Die versameling beskikbare werke wat komponiste vir 'n spesifieke medium, in die geval van die studie, kinderkoor, gekomponeer het. "The totality of works, roles or parts known to have been written (or at least available in print or for hire) for a given instrument".
- Werke wat ooreenstemmende karaktereienskappe het en volgens musiekstyle geklassifisser kan word: "A subset of some larger repertory (a) having a particular function … or character … or (b) extant in sources of particular type".
- Werke van komponiste wat bekendheid verwerf het vir komposisies vir 'n spesifieke medium. Dié musiek word gevolglik as standaardkomposisies beskou. "The term 'standard repertoire' describes the collection of works commonly found in the programmes of Western-style … choirs." Laasgenoemde definisie hou verband met

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



die probleemstelling van hierdie studie. Baie van die standaardwerke wat vir kore gekomponeer is, is grootliks oorspronklik vir gemengde koor geskryf. Hierdie standaard-koorkomposisies is dus slegs in 'n verwerkte vorm vir gelykstemmige kinderkore toeganklik (sien 2.8.1.8, 2.8.1.11 en 5.4, F1).

Die terme "repertorium" of "repertoire" dui dus op verskillende fokuspunte:

- 'n spesifieke musiekwerk of versameling werke wat 'n koor per geleentheid in 'n jaarprogram of op die lang termyn uitvoer
- die versameling beskikbare komposisies vir die betrokke medium
- werke in 'n spesifieke musiekstyl
- standaardkoorwerke wat gereeld in Westerse konsertprogramme ingesluit word

Hierdie navorsing sluit al die genoemde definisies in, met spesifieke verwysing na repertorium vir kooruitvoering. Koorrepertorium dui op koorkomposisies wat vir koorsang geskik is en dus vokaal van aard is (unisoon of meerstemmig). Dit kan gekomponeer wees vir gemengde koor (SATB) of vir gelykstemmige koor (SA) of (TB) en kan *a cappella* of met instrumentale begeleiding uitgevoer word.

In hierdie studie word gefokus op gelykstemmige repertorium wat spesifiek vir kinderkore geskik is. Labuscagne definieer die term kinderlied as "'n lied wat vir kinders geskik is" (Labuscagne, 1993: 341). Daar word dus aandag geskenk aan hoe dirigente te werk gaan om repertorium vir kinderkore te kies en watter kriteria by die keuse van geskikte musiek vir 'n kinderkoor geld. **Die terme *repertorium* en *repertoire* word as dieselfde begrip beskou en word as wisselterme in hierdie navorsing gebrui*k*.**

### 1.8.2 Kinderkoor

Odendal beskryf die term kinderkoor as 'n "sangkoor van kinders: 'n groep singende kinders" (Odendal et al, 1994: 523). 'n Kinderkoor bestaan uit onveranderde stemme en kan uit slegs seuns, of slegs dogters of 'n kombinasie van seuns en dogters bestaan. Daar word ook in hierdie navorsing na die term *kinderkoorinstrument* verwys. Jean Ashworth-Bartle verwys na die kinderkoor as 'n instrument (e-pos-korrespondensie, 30 Oktober 2004). Die interpretasie hiervan is dat die kinderkoor as ensemble as gelykwaardig met enige ander instrument vergelyk kan word.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



Wolff verwys na kinderkore wat seuns en dogters insluit as gemengdegeslagkinderkore (Wolff, 2001: Part I, 2.3.5). Daar kan in Suid-Afrika tussen die volgende kinderkore onderskei word:

- Laerskool juniorkore

Kore waarvan al die lede verbonde is aan 'n spesifieke skool. 'n Junior skoolkoor bestaan uit graad 1 tot graad 3-leerders.

- Laerskool seniorkore

Kore waarvan al die lede verbonde is aan een skool. 'n Senior skoolkoor bestaan uit graad 4 tot graad 7-leerders.

- Streekskinderkore

Kore waarvan die lede vanuit 'n wydverspreide area en uit verskillende skole afkomstig is.

- Dogterskore

Gelykstemmige kore wat slegs uit dogters bestaan. Hierdie kore kan uit slegs hoërskoolleerders bestaan óf laerskool- sowel as hoërskoolleerders bevat.

- Seunskore

Kore wat uit seuns met onveranderde stemme bestaan en in die Duitse taal as "knabenchor" bekend staan (SSAA). (Seunskore wat beide veranderde en onveranderde stemme bevat, byvoorbeeld hoërskool seunskore (TTBB), kan wat ouderdom en klank betref, onder "jeugkore" en nie "kinderkore"nie, geklassifiseer word.) **Vir die doel van hierdie studie verwys die term *kinderkoor* na streekskinderkore sowel as laerskool seniorkore.**

### 1.8.3 Gelykstemmige koor

'n Gelykstemmige koor is 'n groep sangers wie se stemme ongeveer binne dieselfde omvang val. In Engelse katalogusse van koormusiek word na *equal voice choir* of *upper voice choir* verwys. (Die term *equal voice choir* kan dui op seunskore (SSAA) of mannekore (TTBB). Die volgende tipe kore kan as gelykstemmige kore bestempel word:

- Kinderkore (SSAA)
- Dogters- of dameskore (SSAA)
- Seunskore (SSAA)
- Seunskore (TTBB)

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



- Mannekore (TTBB)

Gelykstemmige kore bestaan almal uit óf veranderde mansstemme (tenore en basse) óf onveranderde kinder- of damesstemme (soprane en alte). Hoewel 'n damestem ook veranderinge ondergaan, verskil dit van die mansstem in dié opsig dat die stemregister in die sopraan en altregister bly. In katalogusse van koormusiek word gelykstemmige musiek vir kinder- of dameskore gewoonlik soos volg aangedui: unisoon (eenstemmig), of in kombinasies van sopraan (S) en alt (A). **Die term *gelykstemmige koor* of *gelykstemmige koormusiek* dui in hierdie navorsing op streekskinderkore en senior laerskoolkore, asook repertorium geskik vir genoemde twee soorte kore.**

### 1.8.4 Volksmusiek

In die literatuur word uiteenlopende terme aangetref wat op die begrip *volksmusiek* dui, byvoorbeeld: *inheemse musiek, wêreldmusiek* ("*world music*" of "*musics*"). **Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrippe *volksmusiek* en *inheemse musiek* as wisselterme gebruik.**

Die term volksmusiek kan soos volg gedefinieer word: inheemse musiek van 'n verskeidenheid kulture vanoor die wêreld wat (meestal mondeling) van geslag tot geslag oorgedra is. Daar word in hierdie studie tussen die volgende tipes Suid-Afrikaanse volksmusiek onderskei:

- **Afrika-musiek (of inheemse Afrika-musiek)**
  Inheemse musiek wat sy oorsprong in Afrika het. Musiek gebaseer op Afrika-kulture en liedere uitgevoer in 'n Afrika-taal.

- **Afrika-liedere (Inheemse Afrika-liedere)**
  Volksliedere gesing in Afrika-tale soos deur die volksmond oorgedra, gesing en gedans in Suid-Afrika.

- **Afrikaanse volksmusiek**
  In hierdie studie word met tradisonele Afrikaanse liedere verwys na volksliedere gesing in Afrikaans ('n taal wat voortgespruit het uit Westerse tale, hoofsaaklik gebaseer op Nederlands, asook in mindere mate ander Europese tale en met Oosterse invloede) soos deur die volksmond oorgedra en gesing in Suid-Afrika.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



- **Inheemse Suid-Afrikaanse koormusiek**

  Inheemse Suid-Afrikaanse musiek word as 'n oorkoepelende term gebruik wat Afrikaanse volksmusiek, asook Afrika-volksmusiek insluit. In die analise van konsertprogramme is die politieke en sosiale veranderinge in Suid-Afrika waarneembaar. In die sestiger- en sewentigerjare word Afrikaanse volksliedere, byvoorbeeld *Sarie Marais* in konsertprogramme onder die opskrif Suid-Afrikaanse volksmusiek geplaas. Inheemse Afrika-liedere, byvoorbeeld *Mangoane Mpulele*, val weer onder die opskrif "Bantoe-liedere". Vanaf die tagtigerjare word beide inheemse Afrika- en Afrikaanse liedere saam onder die opskrif Suid-Afrikaanse volksmusiek geplaas (sien bibliografie: konsertprogramme van die Pretoria Kinderkoor en Tygerberg Kinderkoor). Ofskoon Suid-Afrika oor 'n wye rykdom van volksmusiek beskik (byvoorbeeld ook musiek uit die Indiër-gemeenskap), word daar in hierdie studie slegs na volksliedere en danse uit die Afrikaanse, Kaaps-Maleise en Afrika-tradisie verwys.

### 1.8.5 Onderskeid tussen oorspronklike koormusiek en verwerkings

Die term *oorspronklik* word beskryf as "(1) By die eerste begin, by die uitgangspunt. (2) Self bedink; nie oor- of afgedruk nie (3) Wat eie idees het, ander nie navolg nie" (Odendal, 1994: 754). *Oorspronklike* komposisies is dus musiek wat self deur die komponis bedink is en wat sy of haar eie oorspronklike musikale idees weerspieël. *Oorspronklike koormusiek* is musiek wat gekomponeer is met die kooruitvoering van 'n spesifieke soort koor as oorspronklike doel. Die term *verwerking* word beskryf as 'n "omwerking of verandering" (Labuscagne & Eksteen, 1993: 1022). In teenstelling met oorspronklike musiek dui die term *verwerking* op veranderings of aanpassings van 'n oorspronklike komposisie, of inheemse lied. Voorbeelde van verwerkings sluit die volgende in:

- 'n Werk wat oorspronklik gekomponeer is vir instrumentale uitvoering en dan verwerk word om deur 'n koor uitgevoer te word.
- 'n Werk wat oorspronklik vir 'n gemengde koor, of 'n ander vokale medium, gekomponeer is en dan aangepas word om deur 'n gelykstemmige koor uitgevoer te word.
- 'n Melodie wat meerstemmig verwerk word.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G  (2005)



- 'n Algehele "omwerking" van, of nuwe komposisie gebaseer op, 'n bestaande melodie of volkswysie, waar die melodie slegs as tema dien en op verskillende wyses verwerk word met 'n nuwe toonsetting, begeleiding en ander komposisietegnieke.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



### 1.8.6 Ander terminologie

Afgesien van die genoemde kernbegrippe, is 'n tabel wat terme en definisies wat in hierdie studie voorkom, aangeheg (sien Addendum 2). Die definisies is saamgestel uit 'n kombinasie van inligting uit literatuur en persoonlike interpretasie gegrond op die skrywer se benadering en verwysingsraamwerk.

## 1.9 HOOFSTUKINDELING

| HOOFSTUK 1: NAVORSINGSUITLEG |
|---|

Hoofstuk 1 fokus op die motivering vir hierdie studie. 'n Algemene agtergond van die doel van die navorsing word vanuit 'n algemene, 'n Suid-Afrikaanse en internasionale perspektief gegee. Die navorsingsvraag: "Watter faktore beïnvloed repertoriumkeuse?" en subvrae wat hieruit voortvloei word uitgelig. Die navorsingsontwerp, dataversamelingsplan en navorsingsmetodologie word uiteengesit.

| HOOFSTUK 2: REPERTORIUM VIR KINDERKOOR – 'N LITERATUURSTUDIE |
|---|

Hoofstuk 2 bied 'n oorsig oor literatuurmateriaal ten opsigte van die keuse van repertorium. In hierdie hoofstuk word aspekte, wat volgens verskeie bronne 'n rol in repertoriumkeuse speel, belig. Bronne wat geraadpleeg word, sluit die volgende in: gepubliseerde boeke, navorsingsartikels, Internet-inligting, nagraadse studies, koerantartikels en konsertprogramme.

| HOOFSTUK 3: VOLKSMUSIEK IN KOORREPERTORIUM |
|---|

Hoofstuk 3 fokus op volksmusiek in koorrepertorium. Die beskikbaarheid van Suid-Afrikaanse volksmusiek word ondersoek en tendense ten opsigte van die gebruik en groei van inheemse musiek in die repertoire van kinderkore word belig. Aspekte soos verskillende persepsies rakende die insluiting van inheemse musiek in koorrepertorium, die plek daarvan in die konsertprogram en die notering en verwerking daarvan word onder die soeklig geplaas. Hierdie hoofstuk is 'n samevatting van die literatuurstudie, verwysings na vraelyste en onderhoude, asook persoonlike ondervinding ten opsigte van inheemse musiek in koorrepertorium.

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



## HOOFSTUK 4: NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSMETODOLOGIE

Hoofstuk 4 gee 'n beskrywing van die navorsingsmetodologie en aanwending van prosedures en tegnieke:

- 'n beskrywing en uiteensetting van die navorsingsontwerp
- 'n skematiese voorstelling van die navorsingsontwerp
- vraelyste en onderhoude wat in die navorsing gebruik is
- deelnemers aan die navorsing
- datadokumente
  - beskikbare bronne van repertorium vir gelykstemmige kore:
    'n lys van Suid-Afrikaanse komponiste van gelykstemmige koormusiek soos saamgestel deur SAMRO (sien Addendum 8), asook 'n lys van werke van die respondente-komponiste (sien Addendum 7).
  - versameling van dokumente wat die repertoriumkeuse van kinderkore weerspieël:
    konsertprogramme van Suid-Afrikaanse kinderkore (sien Addendum 6).

## HOOFSTUK 5: NAVORSINGSANALISE - DIRIGENTE

Hoofstuk 5 fokus op die resultate en die uitkomste van die navorsinganalise van vraelyste aan dirigente en enkele ander rolspelers, asook 'n analise van datadokumente naamlik konsertprogramme. Die data-analise word uiteengesit.

## HOOFSTUK 6: NAVORSINGSANALISE - KOMPONISTE

Hoofstuk 6 handel oor die navorsingsuitkomste met betrekking tot vrae wat aan sewe Suid-Afrikaanse komponiste van kinderkoorrepertorium gestel is. 'n Lys van die kinderkoorkomposisies van hierdie respondente word as addendum aangeheg (sien Addendum 7). 'n Lys van al die Suid-Afrikaanse komponiste van gelykstemmige koormusiek, wat in die SAMRO-katalogus (Julie 2004) verskyn, is ook as addendum ingesluit (sien Addendum 8).

University of Pretoria etd – Van Aarde, A G (2005)



## HOOFSTUK 7: SLOTBESKOUING EN AANBEVELINGS

Hoofstuk 7 is 'n samevatting van algemene gevolgtrekkings wat uit hierdie studie gemaak is.

- 'n bespreking en samevatting van die algemene gevolgtrekkings van die navorsing
- aanbevelings vir die praktyk
- voorstelle vir verdere navorsing